

Dominees se Pensioen en Medies – V&A

Agtergrond:

Direkte vrae is gestel aan Theo Smith wat kyk na **die pensioenfonds van die NG Kerk in die noorde** en Dewyk Ungerer wat help met die **regsaspekte binne die Algemene Sinode** oor wat gebeur met die **pensioenfonsse en medies as sekere besluite geneem word**.

Hier is hulle antwoorde:

Vraag:

Beste Theo

Ons telefoniese gesprek verwys.

My naam is Neels de Jager en ek is predikant van die NG Kerk Vaalrivier (dolerend). Ek is gevra om namens 'n aantal dominees die volgende vraag aan jou te stel:

Indien een van die streeksinodes sou besluit om die roete te volg van **Artikel 37 in** die kerkorde en die band met die algemene sinode los te maak, sou dit enige effek hê op die pensioen voordele van die individuele dominees van daardie streeksinode? Ek verstaan dat die pensioen skema berus op 'n vaste bydrae fonds en nie op 'n vaste voordele fonds nie. Ek verstaan dat die batewaarde in die hand van die individuele dominee lê en dat dit net deur die pensioen skema bestuur word.

Het ek dit reg of moet ek dit anders verstaan?

Ek wag graag vir jou terugvoer

Blessings Neels

Antwoord:

Beste Neels

Tydens ons telefoniese gesprek het ek laat weet dat die losmaak van die band met die Algemene Sinode, geensins die status quo van die Fonds óf deelnemende werkgewer raak nie, of 'n effek sal hê op die lidmaatskap van lede van beide die Predikante Pensioenfonds sowel as die Amptenare Pensioenfonds.

Ek bevestig graag skriftelik dat dit steeds die geval is.

Terwyl dit korrek is dat elke lid se fondswaarde individueel teen daardie lid verreken word (omdat dit 'n vaste-bydrae fonds is), het hierdie struktuur niks te make met lidmaatskap of deelhebberskap nie. 'n Lid kry toegang tot die Fonds vanweë die deelhebberskap van elke gemeente tot die Fonds en op sy beurt, deelname aan die betrokke sinode en op sy beurt, deelname aan die NG Kerk van Transvaal. Die Algemene Sinode vorm nie deel van hierdie struktuur nie en is daarom ook nie (binne die konteks soos hierbo omskryf) deel van die reëls van die twee fondse nie.

Ek vertrou dit help.

Alles van die beste!

Theo

Vraag:

Dewyk

Lanklaas gepraat. Hoop dit gaan nog goed daar by jou? lekker deurmekaar jaar vanjaar.

Skuus ek pla jou maar ek hoop jy kan help. Ek het 'n vraag gehad vanaf 'n lidmaat uit die Kaap oor wat gebeur met 'n **leraar se pensioenfonds en medies as die leraar uit die NG Kerk sou bedank**. Nou voor ek hom antwoord wil ek net seker maak. Soos ek dit het moet hy die pensioenfonds in kennis stel en beweeg hy net oor na 'n ander fonds of annuïteit of so iets. Dus verloor hy nie die pensioen nie net die voordele bv die sterftevoordeel ens. (skuus ek kan dit verkeerd hê aangesien ek nie die samestelling van die fonds goed ken nie). Verder sal hy dan ten volle verantwoordelik wees vir die bydrae aan die pensioen en verval die gemeente se gedeelte.

Rondom die medies is ek nie seker of daar enige voordele is nie. Soos ek dit het gaan die medies net aan en kan die persoon maar self kies watter medies hy/sy wil gebruik sowel as watter plan om op te gaan.

Is ek reg of is daar iets wat ek mis rondom dit? Sal bly wees as jy my kan help of as jy vir my kan laat weet met wie ek hieroor kan praat.

Pieter Breytenbach

Antwoord:

Beste Pieter

Daar is 'n onderskeid tussen die Pensioenfonds en medies

1. Pensioenfonds

Die Pensioenfonds is nie privaat nie (bv annuïteit nie) maar behoort aan die kerk.

Dus moet 'n persoon in diens van die kerk wees (dus moet die Kerk die werkgewer wees) om aan die kerk se pensioenfonds te behoort.

Wanneer 'n predikant bedank verloor hy/sy bevoegdheid en het dus ook nie meer die kerk as werkgewer nie.

Die predikant moet nou die Pensioenfonds in kennis stel dat hy/sy uit die kerk se Pensioenfonds bedank Die bydraes wat inbetaal is, word dan aan die eks-predikant uitbetaal (behoort sy/haar eie asook die kerk/gemeente se deel in te sluit omdat dit 'n gevestigde reg is wat betref byvoordele).

Wanneer die Pensioen dan uitbetaal moet hy/sy dit gaan belê in 'n ander aftree fonds of annuïteit of 'n Wimpy koop.

Uit die aard van die saak staak alle ander voordele soos bv ongeskiktheidsdekking, sterftevoordele, groeplewensversekering ens.

2. Medies

Ons beskik nie oor kerklike Mediese fondse nie

Predikante sluit by 'n mediese fonds aan gewoonlik soos bepaal deur die betrokke sinode (hier in die noorde is dit gewoonlik Bestmed. In die suide sluit baie predikante by Discovery aan).

Die werkgewer (Kerkraad) betaal gewoonlik die volle premie oor aan die Fonds. Die sinodale voorskrifte is 50/50 vir predikant en gemeente.

Wanneer die predikant bedank, moet hy met dy kerkraad ooreenkom dat hy op die Fonds aanbly, maar self die volle premie betaal.

So predikant kan ook dan by 'n ander mediese fonds aansluit .

Dit is die beste wat ek kan antwoord – maar ek dink dit is redelik volledig

As jy doodseker wil maak oor die Pensioen kan jy die Transvaalse Pensioenfonds se amptenaar skakel: Theo Smit by 083 409 2966

Dankie

Groetnis, Dewyk

Vraag:

Hallo Theo

Hoop dit gaan goed aan julle kant. Ek het die vraag oor bedanking gehad wat ek sommer vir Dewyk gevra het. Hy het my geantwoord en toe ook net gesê dat ek net met jou moet bevestig voor ek die navraag antwoord. **Kan jy dalk help asb en ook sommer net wat die verskillende opsies van die hantering van die pensioen is indien 'n leraar sou bedank?**

Dit word baie waardeer.

Pieter Breytenbach

Antwoord:

Beste Pieter

Dit gaan goed, dankie. Ek vertrou dit is ook die geval met jou.

Dewyk is heeltemal korrek maar ek bevestig graag die volgende:

- Wanneer 'n leraar bedank (onder die ouderdom van 55), het hy die opsie om die geld in kontant te neem, oor te plaas na 'n annuïteit van sy keuse, of om die geld in 'n bewaringsfonds te plaas. Gewoonlik bepaal die reëls van sodanige annuïteitsfonds dat geen verder bydraes gelewer mag word nie. Die fynskrif van die polis sal egter nagegaan moet word. Ek weet wel dat bewaringsfondse geen verdere bydraes toelaat nie.
- Soos Dewyk noem, verval die werknemer/werkgewer verhouding en kan bydraes nie verder voortgesit word nie – ook nie op sy eie nie. Hy sal sy pensioenkantoor (Bossie of Kenny) van die Kaapse fonds in kennis moet stel.
- Enige sterftevoordele en ander risikovooredele wat hy mag geniet het, verval.
- Wanneer 'n leraar bo die ouderdom van 55 bedank, word dit as 'n aftrede beskou en hanteer. Sodanige leraar het dan die keuse om 'n verpligte pensioen aan te koop (gewoonlik by 'n versekeraar van sy keuse, of om 'n sogenaamde in-huis pensioen aan te koop, of om met gefasseerde aftrede (Eng: phased retirement) te gaan.
- Leraars wat aftree in bogenoemde scenario, het die keuse om met die groep- en gadeskamas voort te gaan na aftrede met die betaling van premies vir hul eie rekening.
- Belangrik, en ek dink Dewyk noem dit ook, die volle bydraes van beide die werkgewer en die werkgewer plus opbrengs word aan die leraar uitbetaal (geen gedeelte word teruggehou vir “penalisasie” doeleindes soos in die ou dae nie. Dit gaan nie oor gevestigde regte nie maar wel oor wetgewing wat hierdie “diskriminerende” praktyk verbied.

Ek vertrou dit help. Laat weet gerus of daar nog vrae is.

Alles van die beste!

Theo

Vraag:

Theo

Dankie. Ek wil net seker maak ek verstaan reg. **Indien 'n persoon voor 55 bedank en die geld in 'n annuïteitsfonds plaas kan hy egter 'n tweede annuïteitsfonds uitneem en sy maandelikse bydrae daarheen betaal indien hy sou wou om dus so 'n addisionele pensioenfonds mee op te bou tesame met die lomp som wat hy reeds in 'n annuïteitsfonds belê het?**

Pieter Breytenbach

Antwoord:

Pieter

Heeltemal korrek. Ek sou voorstel dat die predikant met 'n finansiële adviseur gesels oor sy opsies.

Groete

Theo

MKN

28Oktober 2020